Les 1

** 24–30 Junie*

Paulus: Apostel vir die heidene

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Handelinge. 6:9–15, 9:1–9, 1 Samuel 16:7, Matteus 7:1, Handelinge 11:19–21, 15:1–5.

Geheueteks:
"En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: 'So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.'" *(Hand. 11:18).*

Dis nie moeilik om Saulus van Tarsus te verstaan nie (ook bekend as die apostel Paulus nadat hy tot bekering gekom het), en waarom hy gedoen het wat hy gedoen het. Hy was sy lewe lank 'n toegewyde Jood wat deurgaans geleer is hoe belangrik die wet is en dat Israel binnekort van sy politieke omstandighede verlos sou wees. Die idee dat die langverwagte Messias op skandelike wyse tereggestel sou word, as een van die ergste kriminele, was vir hom net te veel om te verduur.

Dis daarom geen wonder nie dat hy daarvan oortuig was dat die volgelinge van Jesus ontrou aan die tora was, en dus 'n struikelblok in God se plan vir Israel was. Hulle aansprake dat die gekruisigde Jesus die Messias was en dat Hy uit die dood opgestaan het, was vir hom niks anders as die ergste afvalligheid nie. Hy kon geensins sulke onsin verdra nie, en het geen simpatie gehad met iemand wat dit nie wou afsweer nie. Saulus was vasberade om as God se agent van hierdie geloofsoortuigings in Israel ontslae te raak. Daarom verskyn hy in die eerste bladsye van die Skrif as 'n gewelddadige vervolger van sy mede-Jode, hulle wat geglo het dat Jesus die Messias was. God het egter heeltemal ander planne vir Saulus gehad – planne wat hy nooit self sou kon voorsien nie: hierdie Jood sou nie slegs Jesus as die Messias verkondig nie, maar hy sou dit onder die heidene doen!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Julie.*

Sondag

25 Junie

Vervolger van Christene

Aanvanklik verskyn Saulus van Tarsus in Handelinge as een wat betrokke is by die steniging van Stefanus *(Hand. 7:58)*, en later betrokke blyk te wees by die uitgbreide vervolging wat in Jerusalem uitgebreek het *(Hand. 8:1–5)*. Petrus, Stefanus, Filippus, en Paulus speel 'n belangrike rol in die boek van Handelinge aangesien hulle betrokke was by die gebeure wat aanleiding gegee het tot die verspreiding van die Christelike geloof buite die Joodse wêreld. Stefanus is van besondere betekenis aangesien sy prediking en martelaarskap 'n groot invloed op Saulus van Tarsus gehad het.

Stefanus was 'n Griekssprekende Jood, en een van die oorspronklike sewe diakens *(Hand. 6:3-6)*. Volgens Handelinge het 'n groep uitlandse Jode in Jerusalem kom woon, en betrokke geraak in 'n dispuut met Stefanus oor die inhoud van sy prediking van Jesus. Dis moontlik, en heel waarskynlik, dat Saulus van Tarsus by hierdie debatte betrokke was.

Lees Handelinge 6:9–15. Watter beskuldigings word teen Stefanus gebring? Waaraan herinner hierdie beskuldigings jou? (Lees ook Matt. 26:59–61.)

Die kwaai vyandigheid teenoor Stefanus se prediking het voortgespruit uit twee verskillende dinge. Enersyds het Stefanus die woede van sy teenstanders ontlok deur nie die Joodse wet en die tempel as die belangrikste te ag nie, wat die fokuspunt van Judaïsme geword het en gekoesterde simbole van hulle godsdienstige en nasionale identiteit was. Maar Stefanus het verder gegaan as om net hierdie twee gekoesterde ikone af te wys (of te onderspeel); hy het vuriglik verkondig dat Christus, die gekruisigde en opgestane Messias, die ware middelpunt van die Joodse geloof is. Dis daarom geen wonder nie dat hy die Fariseër Saulus woedend gemaak het *(Fil. 3:3-6)*, wie se vuur teenoor die vroeë Christene 'n aanduiding was dat hy waarskynlik aan een of ander streng en militante vleuel (vol rewolusionêre ywer) van die Fariseërs behoort het. Saulus het gesien dat die groot profetiese beloftes van God se koninkryk nog nie in vervulling getree het nie *(Dan. 2, Sag. 8:23, Jes. 40–55)*, en hy dalk van mening was dat dit sy opgelegde taak was om God van hulp te wees om daardie dag te bespoedig – iets wat hy kon doen deur Israel te reinig van godsdienstige korrupsie, insluitend die idee dat hierdie Jesus die Messias was.

Oortuig daarvan dat hy reg was, was Saulus bereid om diegene wat hy meen verkeerd was, dood te maak. Alhoewel ons ook ywer en vuur benodig vir dit waarin ons glo, hoe leer ons om ons vurigheid te beteuel met die besef dat ons net dalk ook verkeerd kan wees?

Maandag

26 Junie

Saulus se bekering

"En hy sê: 'Wie is U, Here?' En die Here antwoord: 'Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is moeilik vir jou om teen die prikkels te skop.'" *(Hand. 9:5, NKJV)*.

Al begin Saulus heel onopvallend met sy vervolging van die vroeë kerk (hy waak slegs oor die kledingstukke van Stefanus se vervolgers), intensifiseer dit vinnig *(lees Hand. 8:1–3; 9:1, 2, 13, 14, 21; 22:3–5)*. Heelwat van die woorde wat Lukas gebruik, beskryf Saulus as 'n wilde en wreedaardige dier, of 'n plunderende soldaat wat hom toespits op die vernietiging van sy vyand. Die woord "verwoes" ("uitroei" in AFR83) in Handelinge 8:3, is 'n voorbeeld wat in die Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik word *(Ps. 80:13)* om die onbeheersde en destruktiewe gedrag van 'n wildevark te beskryf. Saulus se pelgrimstog teen die Christene was baie duidelik nie sommer 'n halfhartige saak van gemak nie; dit was 'n goedbeplande en volgehoue poging om die Christelike geloof uit te roei.

Kyk na die drie beskrywings van Saulus se bekering *(Hand. 9:1–18, 22:6–21, and 26:12–19)*. Watter rol het God se genade in hierdie ondervinding gespeel? Met ander woorde, hoeveel het hy van die Here se goedheid, wat aan hom betoon is, verdien?

Saulus se bekering moes vanuit 'n menslike perspektief onmoontlik gelyk het (en daarom die skeptisisme wat talle uitgespreek het toe hulle dit die eerste keer gehoor het). Die enigste ding wat Saulus verdien het, was straf, maar God het eerder sy genade aan hierdie vurige Jood betoon. Dis egter belangrik om te onthou dat Saulus se bekering nie in 'n lugleegte plaasgevind het nie, en dit was ook nie gedwonge nie.

Saulus was geen ateïs nie. Hy was 'n godsdienstige man, maar het homself lelik misgis in sy begrip van God. Jesus se woorde aan Paulus was: "'Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop'" *(Hand. 26:14)*. Dit is 'n aanduiding dat die Gees in Saulus gewerk het om hom te oortuig. In die antieke wêreld was 'n "prikkel" (sambok of karwats) 'n stok met 'n skerp punt wat gebruik is om osse aan te por wanneer hulle steeks was om te ploeg. Saulus het God se aanporring telkemale weerstaan, maar uiteindelik op die pad na Damaskus, deur 'n wonderbaarlike ervaring met die verrese Jesus, het hy besluit om nie verder weerstand te bied nie.

Dink terug aan jou eie bekeringsondervinding. Dit was dalk nie so dramaties soos Paulus s'n nie (die meeste is nie), maar op watter soortgelyke wyses was jy die ontvanger van God se genade? Waarom is dit belangrik om nooit te vergeet wat Christus vir ons gegee het nie?

Dinsdag

27 Junie

Saulus in Damaskus

Gedurende Saulus se ontmoeting met Jesus is hy verblind, en toe opdrag gegee om na die huis van 'n man met die naam Judas te gaan, en daar te wag vir 'n ander man met die naam Ananias. Daar bestaan geen twyfel nie dat Saulus se fisieke blindheid 'n sterk herinnering was aan die groter geestelike blindheid wat hom gedwing het om die volgelinge van Jesus te vervolg. Jesus se verskyning aan hom op die Damaskuspad het alles verander. Toe Saulus van mening was dat hy reg opgetree het, was hy inderdaad so verkeerd. Eerder as om vir God te werk, het hy teen Hom gewerk. Saulus het as 'n veranderde mens Damaskus ingegaan. anders as wat die ywerige Fariseër Jerusalem verlaat het. In stede daarvan om te eet en drink, het hy nou die eerste drie dae in Damaskus deurgebring deur te vas en bid, terwyl hy oor alles nagedink het wat met hom gebeur het.

Lees Handelinge 9:10–14. Stel jouself voor wat in die gedagtes van Ananias moes omgaan: nie slegs was Saulus, die vervolger, en nou 'n gelowige in Jesus nie, maar hy was nou ook Paulus, God se verkose apostel wat die evangelie na die heidene moes neem *(lees Hand. 26:16-18)*. Dis geen wonder nie dat Ananias ietwat deurmekaar was. As die kerk in Jerusalem huiwerig was om Paulus sowat drie jaar na sy bekering te aanvaar *(Hand. 9:26–30)*, kan mens jouself net voorstel met hoeveel vrae en besorgdhede die gelowiges in Damaskus, slegs dae na die gebeurtenis, gevul was!

Let ook op dat Ananias 'n visioen van die Here gehad het wat aan hom die verrassende en onverwagte nuus aangaande Saulus van Tarsus meegedeel het: enigiets minder as 'n visioen sou hom dalk nie kon oortuig dat wat hy van Saulus vertel is, alles waar was nie – die vyand van die Joodse gelowiges het nou een van hulle geword. Saulus het Jerusalem verlaat met die gesag en opdrag van die hoofpriesters om die Christelike geloof uit te roei *(Handelinge 26:12)*; God het egter 'n geheel en ander opdrag vir Saulus gehad, 'n opdrag wat op veel groter gesag berus het. Saulus moes die evangelie na die heidense wêreld uitdra; 'n idee wat selfs 'n groter skok vir Ananias en die ander Joodse gelowiges was as Saulus se bekering self. Waar Saulus gepoog het om die verspreiding van die Christelike geloof te stuit, sou God hom nou gebruik vir iets heeltemal ver verby die begrip van enigiets wat die Joodse gelowiges hulleself ooit sou kon voorstel.

Lees 1 Samuel 16:7, Matteus 7:1, en 1 Korintiërs 4:5. Wat is die boodskap van hierdie teksverse in terme van hoe waaksaam ons moet wees oor hoe ons die geestelike ondervindings van ander mense beoordeel? Watter foute het jy begaan in jou oordele oor ander mense, en wat het jy uit daardie foute geleer?

_____

_____

Woensdag *28 Junie*

Die evangelie gaan na die heidene

Waar was die eerste gemeente vir die bekeerde heidene gevestig? Watter gebeure het daartoe aanleiding gegee dat gelowiges soontoe gegaan het? *(Handelinge 11:19–21, 26).* Waaraan herinner dit jou van die Ou Testamentiese tye? *(lees Daniël 2.)*

Die vervolging wat in Jerusalem uitgebreek het na Stefanus se dood, het daartoe aanleiding gegee dat talle Joodse gelowiges 500 kilometer noord na Antiogië gevlug het. As die hoofstad van die Romeinse provinsie van Sirië, was Antiogië die belangrikste stad naas Rome en Alexandrië. Die inwoners, ongeveer vyf honderd duisend, was uiters kosmopolitaans, wat dit die ideale plek gemaak het, nie slegs vir die vestiging van 'n kerk vir die heidene nie, maar as die basis waarvandaan die vroeë kerk sy eerste wêreldwye sendingpogings kon loods.

Wat het in Antiogië gebeur wat daartoe aanleiding gegee het dat Barnabas die stad besoek het, en sy gevolglike besluit om Paulus uit te nooi om by hom in Antiogië aan te sluit? Watter soort beeld word hier geskets van die kerk daar? *(Handelinge 11:20–26).*

Dis moeilik om 'n chronologie van Paulus se lewe saam te stel, maar dit blyk of daar sowat vyf jaar verloop het tussen sy post-bekeringsbesoek aan Jerusalem *(Hand. 9:26–30)* en Barnabas se uitnodiging om by hom in Antiogië aan te sluit. Wat het Paulus in hierdie tydperk gedoen? Dis moeilik om verseker te sê. Maar as ons kyk na sy opmerkings in Galasiërs 1:21, kon hy besig wees om die evangelie in die streke van Sirië en Silisië te verkondig. Sommige het selfs voorgestel dat dit dalk gedurende hierdie tyd kon wees dat hy deur sy familie onterf is *(Fil. 3:8)* en baie gely het as gevolg van die probleme wat hy in 2 Korintiërs 11:23–28 beskryf. Die kerk in Antiogië het gedy onder die leiding van die Heilige Gees. Die beskrywing in Handelinge 13:1 gee 'n aanduiding dat die kosmopolitaanse aard van die stad binnekort in die etniese en kulturele verskeidenheid van die kerk self sou reflekteer. (Barnabas was van Siprus, Lucius van Sirene, Paulus van Silisië, Simon waarskynlik van Afrika, en moet ook nie van al die bekeerde heidene vergeet nie.) Die Gees wou die evangelie na meer heidene uitdra deur Antiogië te gebruik as basis vir groter verreikende sendingaktiwiteite, verder as Sirië en Judea.

Lees weer Handelinge 11:19–26. Wat kan ons leer van die kerk in Antiogië, 'n gemeente met groot kulturele en etniese verskeidenheid? Hoe kan dit ons kerke vandag help om die goeie dinge wat daar geheers het, na te boots?

Donderdag *29 Junie*

Konflik binne die kerk

Natuurlik is niks menslik volmaak nie, en dit was ook nie lank nie of daar het moeilikheid begin uitbroei in die vroeë geloofsgemeenskap. Eerstens was nie almal daarmee tevrede dat heidense gelowiges by die kerk aangesluit het nie. Die geskil het nie gegaan oor die konsep van die sending aan die heidene nie, maar oor die grondslag waarop heidene toegelaat is om by die kerk aan te sluit. Sommige het gevoel dat geloof in Jesus alleen nie voldoende was om as Christen gekenmerk te word nie; geloof, het hulle gereken, moet gepaardgaan met besnydenis en gehoorsaamheid aan die wet van Moses. Om 'n ware Christen te wees, meen hulle, moes heidene besny word. (Ons kan in Handelinge 10:1–11:18 sien tot watter mate hierdie verskil tussen Jode en heidene deur Petrus se ondervinding met Kornelius plaasgevind het, en wat die gevolglike reaksie daarop was.) Die amptelike besoeke van Jerusalem, wat Filippus se werk onder die Samaritane gemonitor het, *(Hand. 8:14)* en die werk onder die heidene in Antiogië *(Hand. 11:22)*, kan moontlik aanleiding gee tot die besorgdheid om nie-Jode by die Christelike gemeenskap in te sluit. En tog was die reaksie op Petrus wat Kornelius gedoop het, 'n onbesnede Romeinse soldaat, is 'n duidelike voorbeeld van die onenigheid wat bestaan het oor die heidense vraagstuk onder die vroeë gelowiges. Die insluiting van 'n lukrake heiden soos Kornelius het sommige ongemaklik laat voel, maar Paulus se doelbewuste pogings om die kerkdeure wyd oop te gooi vir heidene op die grondslag van geloof in Jesus alleen, het aanleiding gegee tot doelbewuste pogings dat sommige Paulus se bediening ondermyn het.

Hoe het sekere gelowiges van Judea gepoog om Paulus se werk teen te staan met sy bediening aan die heidense Christene in Antiogië? *Hand. 15:1–5.*

Alhoewel die Raad in Jerusalem *(Handeling 15)* hulle uiteindelik by Paulus geskaar het oor die vraagstuk van die besnydenis, het die teenkanting teen Paulus se bediening voortgeduur. Gedurende Paulus se laaste besoek aan Jerusalem sowat sewe jaar later, was baie nog steeds agterdogtig oor Paulus se evangelie. Trouens, toe Paulus die tempel besoek het, het hy byna sy lewe verloor toe die die Jode van Asië uitgeroep het: "Israeliete, kom help! Hier is die man wat ons volk, die wet van Moses en die tempel oral aanval. Nou het hy boonop nog Grieke in die tempel ingebring en hierdie heilige plek ontheilig" *(Handelinge 21:28; lees ook 21:20, 21 - AFR83).*

Plaas jouself in die Joodse gelowiges, wat bekommerd was oor Paulus se lering, se skoene. Waarom maak hulle weerstand en besorgdheid tog tot 'n mate sin? Wat leer ons hieruit aangaande die wyse waarop ons eie vooropgestelde idees, asook kulturele (en selfs godsdienstige) ingesteldheid, ons in 'n dwaalrigting kan stuur? Hoe kan ons leer om onsself te beskerm om nie dieselfde foute te begaan nie, ongeag hoe welmenend ons bedoeling is?

Vrydag

30 Junie

Verdere leeswerk: Lees wat skryf Ellen G. White oor die verband tussen persoonlike bekering en die kerk: "Individual Independence," pp. 430–434, in *Testimonies for the Church*, vol. 3. Slaan ook na indien u meer wil weet oor die vroeë lewe van Paulus en vir kommentaar oor sy bekering: *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, pp. 226–234 – vry vertaal.

"Paulus was voorheen bekend as 'n ywerige voorstander van die Joodse geloof en 'n onvermoeide vervolger van die volgelinge van Jesus. Hy was moedig, onafhanklik en volhardend, en sy talente en opleiding sou hom in staat gestel het om in feitlik enige hoedanigheid te dien. Hy kon besonder duidelik redeneer en sy skroeiende sarkasme sou 'n teenstander in 'n ongunstige lig stel. En nou moes die Jode sien dat hierdie besonder belowende jongman hom verenig het met diegene wat hy vroeër vervolg het en dat hy onbevrees in die Naam van Jesus preek. "'n Generaal wat in die slag sneuwel, is vir sy leër verlore, maar sy dood is geen versterking vir die vyand nie. Maar wanneer 'n vooraanstaande man hom by die teenparty aansluit, is nie net sy dienste verlore nie, maar diegene by wie hy hom aansluit word duidelik daardeur bevoordeel. Die Here kon Saulus van Tarsus maklik onderweg na Damaskus doodgeslaan het, en die vervolgende mag sou veel van sy krag verloor het. Maar in Sy voorsienigheid het God nie net Saulus se lewe gespaar nie, maar Hy het hom tot inkeer gebring sodat daardie kampvegter van die vyand nou aan die kant van Christus geveg het. Paulus was 'n welsprekende redenaar en 'n kwaai beoordelaar. Met sy strenge vasberadenheid en onwrikbare moed het hy juis die hoedanighede besit wat die vroeë kerk nodig gehad het."—Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels,* p. 124.

Vrae om te bespreek:

1. Watter les kan ons leer uit die feit dat sommige van die felste kritici van Paulus mede-Jode was wat in Jesus geglo het?

2. Hoe kan jy jouself verdedig in sake van geloofsbeginsels en godsdienstige oortuigings, en terselfdertyd seker wees dat jy nie teen God veg nie?

Samevatting:

Saulus se ondervinding met die verrese Jesus op die Damaskuspad was die waterskeidingsoomblik in sy lewe en in die geskiedenis van die vroeë kerk. God het die eertydse vervolger van die kerk verander en hom Sy gekose apostel gemaak wat die evangelie na die heidense wêreld sou uitdra. Paulus se insluiting van heidene in die kerk deur die geloof alleen, was egter 'n moeilike konsep vir sommige in die kerk om te aanvaar – dis 'n kragtige voorbeeld van hoe vooropgestelde idees en vooroordele ons sendingopdrag kan verhinder.

Notas